



AFDELING B | 2019

VAKINLIGTING



INHOUDSOPGAWE

1. Samestelling van vakke
2. Verpligte vakke
 - a) Tale
 - b) Lewensoriëntering
 - c) Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid (met vereistes)
3. Lys van keusevakke
4. Vakineligting
5. Voorbeeld van vakkeusevorm



1. SAMESTELLING VAN VAKKE

- Alle vakkombinasies by Merensky lei tot universiteitstoelating.
- Jou vakke bestaan uit VIER verpligte vakke en DRIE keusevakke.
- Die verpligte vakke is: Huistaal, Eerste Addisionele Taal, Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid en Lewensoriëntering.
- Keusevakke: Vakke gemerk met 'n asterisk (*) op die vakkeusevorm is tot 2017 as 'universiteitsvrystellingsvakke' beskou.

Aanbeveling: Alhoewel die Departement van Onderwys nou alle vakke as universiteitsvrystellingsvakke beskou, sal dit raadsaam wees vir leerders wat wel 'n graad wil gaan studeer om steeds ten minste EEN van die 'ou' vrystellingsvakke te kies as deel van hulle vakkeuse.



2. VERPLIGTE VAKKE

A) TALE

Die taal van onderrig by Merensky Hoërskool is Afrikaans EN Engels. Leerders neem een taal op Huistaalvlak en die ander taal op Eerste Addisionele Taal-vlak.

Afrikaans Huistaal en Engels Huistaal word aangebied. Leerders mag slegs EEN van die tale op Huistaalvlak neem. Die slaagsyfer vir Huistaal is 40%. Die ander taal moet dan op Eerste Addisionele Taal-vlak geneem word.

Goeie taalkennis verseker dat u kind alle vraestelle korrek verstaan en interpreteer. Alle universiteite het ook 'n minimumvereiste wat taalvaardigheid betref. Die minimumvereiste vir taal is 50%, alhoewel sekere instansies 60% vereis. Goeie taalvaardigheid is baie belangrik vir u kind se toekoms.

Neem asseblief kennis dat alle keusevakke vanaf graad 10 in dubbelmedium aangebied word. Dit beteken dat klasse afwisselend in Afrikaans en Engels aangebied word. Alle vrae kan in die leerder se huistaal gevra en sal ook in sy huistaal beantwoord word. Alle toetse en eksamens word ook in die leerder se huistaal afgelê.

B) LEWENSORIËNTERING

Hierdie vak handel oor die aanleer van lewensvaardighede en voorbereiding vir die wêreld daarbuite. Hier word oor beroepe, waardes, lewenstylsiektes, die invloed van media en nog baie meer gesels. Inligting word aan u kind gegee sodat hy/sy self besluite kan neem waarvoor hy verantwoordelikheid kan aanvaar.



C) WISKUNDE OF WISKUNDIGE GELETTERDHEID

Wiskunde:

Wiskunde word in graad 10 tot 12 in twee vraestelle verdeel:

- Vraestel 1 bestaan uit Algebra, Finansies en Waarskynlikheid.
- Vraestel 2 bestaan uit Meetkunde, Data en Driehoeksmeting.

Die volgende is belangrike inligting oor Wiskunde graad 10 - 12:

- Jy moet 'n goeie voorkennis van wiskunde hê. Graad 8 - 9 agtergrond is baie belangrik.
- Leerders wat nie ELKE DAG hard werk in Wiskunde nie, sal nie presteer nie. As jy net bereid is om die minimum te doen, is Wiskunde nie 'n goeie keuse vir jou nie.
- Die pas is baie vinniger as in gr 8 en 9, omdat die hoeveelheid werk baie meer is. Nuwe werk word elke dag behandel.
- Wiskunde vereis deursettingsvermoë en probleemoplossingsvaardighede.
- Jy MOET elke dag positief wees oor wiskunde en die uitdaging aangryp, want dit KAN pret wees!

Wiskunde geletterdheid:

Waaroor gaan Wiskunde Geletterdheid?

- Dis 'n vak wat jou help met alledaagse konsepte.
- Onderwerpe wat behandel word sluit in huislenings, voertuigfinansiering, inkomstebelasting, beleggings en lenings, sowel as huisplanne, die aankoop van boumateriaal, bankrekening en rentekoerse, die gebruik van roetekaarte, skale van kaarte en vele meer.
- Wiskunde Geletterdheid rus leerders toe om wiskunde met kennis en selfvertroue elke dag prakties toe te pas.
- Dit help leerders om situasies numeries en ruimtelik te interpreteer, krities te analiseer en ook om probleme te kan oplos.
- Dit wat in Wiskunde Geletterdheid gedoen word, kan altyd later gebruik word.

ONTHOU:

*Wiskundige Geletterdheid is NIE MAKLIK NIE.
Jy moet HARD WERK, LEER en jou DEEL BRING.*



WAT BETEKEN DIT VIR U KIND?

**Jou KIND het SELFVERTROUE, is POSITIEF, VERSTAAN
en KAN die werk DOEN!**

DIE GROOT VRAAG AAN DIE EINDE VAN GRAAD 9 IS:

Wat kies ek? Wiskunde? Of Wiskundige Geletterdheid?

Hou die volgende in gedagte voor jy 'n keuse maak tussen Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid:

Wiskunde met 'n punt van 30% - 49% maak GEEN deure oop by Universiteite nie! Om die waarheid te sê: Daar is elke jaar leerlinge wat NIE Universiteitstoelating kry nie, omdat hulle Wiskunde geneem het en nie 50% daarvoor kon kry. Hulle kan dus nie VIER vakke (uit die lys goedgekeurde vakke) bo 50% behaal nie. Dit gebeur selfs dat leerders met 4 onderskeidings slaag, maar a.g.v. vakkeuses en 40% vir Wiskunde, nie universiteitstoelating kon kry nie. As hy/sy egter Wiskundige Geletterdheid geneem het en bo 50% behaal het, sou die leerder met vrystelling geslaag het.

Neem ook die TPT in ag.

Daar is definitief 'n toekoms vir leerders wat Wiskundige Geletterdheid neem. Met Wiskundige Geletterdheid kan jy onder andere die volgende gaan studeer:

Baccalaureusgrade

Verpleegkunde, Podiatrie, Joernalistiek, Sielkunde, Regte, Besigheidsadministrasie, Maatskaplike Werk, Ontwerp (verskeie rigtings), Visuele Kuns, Drama, Mode-ontwerp, Multimedia, Somatologie, Kosmotologie, Sportbestuur, BEd (onderwys), Hotelhouding en Spyseniering, Toerisme en nog vele meer.

Nasionale Diplomas

Radiografie, Gasvryheid, Logistiek, Bemarking, Bankwese, Kredietbestuur, Algemene Bestuur.

Die regte keuse is dus BAIE BELANGRIK!



3. LYS VAN KEUSEVAKKE

KIES DRIE VAN DIE VOLGENDE VAKKE:

- a) Fisiese Wetenskappe *
(Vereistes: Wiskunde en 50% vir Natuurwetenskappe in graad 9)
- b) Lewenswetenskappe *
- c) Rekenaartoeëpassingstegnologie (RTT) (beperkte plekke beskikbaar)
- d) Inligtingstegnologie (IT) * (keuringstaak)
- e) Landbouwetenskap *
- f) Landboubestuurpraktyk
- g) Landboutegnologie (beperkte plekke beskikbaar)
- h) Geografie *
- i) Rekeningkunde * (Vereiste: Wiskunde)
- j) Besigheidstudies *
- k) Ekonomie *
- l) Toerisme
- m) Gasvryheidstudies
- n) Ingenieursgrafika en Ontwerp * (Vereiste: 60% in graad 9 Junie- & November-eksamen vir tekeninge)

AANBEVELING: Leerders moet ten minste **EEN** of meer vakke uit vakke gemerk met 'n asterisk (*) kies om universiteitsvrystelling te verseker.



a) **FISIESE WETENSKAPPE ***

Dit is sekerlik dié vak wat antwoorde gee op al die dinge wat elke dag om ons gebeur.

Dit is die vak vir leerders wat geïnteresseerd is in die dinge rondom ons en wat altyd wil weet “Hoekom?”

WAT BENODIG EK OM VAN FISIESE WETENSKAPPE 'n SUKSES TE MAAK?

- **Vermoë om te dink:**

'n Leerder moet verskillende konsepte kan verstaan en leer

- **Vermoë om kennis te kan toepas:**

'n Leerder moet verskillende konsepte kan toepas en berekeninge kan doen

- **Insig en logika:**

'n Leerder moet die konsepte kan toepas in die alledaagse lewe.

Dit word aanbeveel dat jy 'n goeie punt vir Wiskunde en Natuurwetenskappe in graad 9 behaal voordat jy Fisiese Wetenskappe kies. Indien jy minder as 60% behaal vir die twee vakke, gaan jy sukkel met Fisiese Wetenskappe. Jy benodig wiskundige bewerkinge en konsepte vir Fisiese Wetenskappe, en daarom is Wiskunde 'n vereiste vir die vak.

DIE VAK BESTAAN UIT TWEE KOMPONENTE

1. Fisika
2. Chemie



Fisika:

- Golwe, klank en lig
- Elektrisiteit & magnetisme
- Meganika

Chemie:

- Materie en materiaal
- Chemiese eienskappe
- Chemiese sisteme



Grade en minimumvereistes vir vier universiteite

Graad	Vak:	Universiteit van Stellenbosch	Universiteit van Pretoria	Noord-Wes Universiteit	Wits Universiteit
B. Ingenieurswese & Bou Rek	Wiskunde: Fisiese Wetenskappe:	70% 60%	80% 70%	70% 60%	50% 50%
B. Agri & Voedselwetenskappe	Wiskunde: Fisiese Wetenskappe:	60% 50%	60% 50%	-	-
BSc	Wiskunde: Fisiese Wetenskappe:	60% 60%	60% 50%	50% 50%	50% If main subj. = 80%
Gesondheids-wetenskappe	Wiskunde: Fisiese Wetenskappe:	70% 70%	60% 60%	-	60% 60%
B. MIL	Wiskunde: Fisiese Wetenskappe:	60% 50%			
Argitektuur	Wiskunde: Fisiese Wetenskappe:	-	50% 50%	-	
B.Pharm	Wiskunde: Fisiese Wetenskappe:			50% 50%	
Onderwys (Wisk. /Wetenskap)	Wiskunde: Fisiese Wetenskappe:	60% 50%	40% 50%	60% 50% 50% of 60%	



Minimumvereistes vir Diplomas by TUT:

Diploma	Vak:	TUT
Ingenieurswese	Wiskunde:	60%
	Fisiese wetenskappe:	50%
Analitiese Chemie	Wiskunde:	50%
	Fisiese wetenskappe:	50%
Omgewings Wetenskappe	Wiskunde:	50%
	Fisiese wetenskappe:	50%
Geologie	Wiskunde:	50%
	Fisiese wetenskappe:	50%

FISIESE WETENSKAPPE IS DIE VAK VIR JOU

AS JY KAN:



Hard werk



Slim werk



b) **LEWENSWETENSAPPE** *

WAT IS NODIG?

Wetenskaplike denke

- Integrasie van navorsing en bevindings
- Interpretasie van data
- Analisering van data
- Probleemoplossing
- Kom tot 'n gevolgtrekking op grond van inligting ingesamel
- Hipotese-toetsing

INHOUD VAN DIE VAK

- Parasitologie
- Ekologie
- Omgewingstudies
- Biodiversiteit
- Evolusie
- Sellulêre en Molekulêre studies
- Sistematiek en Klassifikasie
- Genetika
- Neurologie
- Embriologie
- Anatomie

BEROEPE

Medies(MBChD), Fisioterapie, Arbeidsterapie, Radiologie, Spraakterapeut, Oudiologie, Sportwetenskap, Veeartsenykunde / -verpleging, Somatologie, Antropologie, Parasitologie, Entomologie, Landbouwetenskap, Plant- en Dierkunde, Omgewingstudies, Natuurbewaring (**Lewenswetenskappe word nie as 'n vereiste gestel vir bogenoemde beroepe nie, maar dit maak studie soveel makliker as basiese konsepte reeds vasgelê is.**)



- Lewenswetenskap is belangrik vir elkeen wat 'n lewendige belangstelling het in die samestelling en wisselwerking van die natuur en ekosisteme. Dit bied ook antwoorde op al die “HOEKOM” vrae oor jouself as mens en lewendige organismes.
- Dit is seker een van die interessante vakke wat aangebied word.

c) **REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE (RTT / “CAT”)**

WAT IS RTT/“CAT”?

- Studie van die programme wat deel uitmaak van die Microsoft Office-kantoorpakket: Word, Excel, Access, PowerPoint en HTML-dokumente:
- Probleemoplossingsvaardighede word deur middel van bestaande programme aangeleer en inge oefen.

IN RTT LEER JY

- Eindgebruiker-rekenaarkennis (teorie) en -vervaardighede (prakties)
- Hoëvlak-vaardighede in die gebruik van Microsoft Word
- Intermediêre tot hoëvlak-vaardighede in Excel
- Intermediêrevlak-vaardighede in Access
- Hoëvlak-vaardighede in PowerPoint
- Intermediêrevlak-vaardighede in HTML
- Inligtingsbestuur en navorsingsvaardighede

TOEKOMSTIGE LOOPBANE

- Enige loopbaan waarvoor universiteitsopleiding nodig is, want die vermoë om navorsing te doen, word in RTT geleer.
- Alle universiteite verwag 'n sekere vlak van rekenaarkennis. Sonder RTT gaan jy as student sukkel om dit as ekstra vak te neem. As jy RTT gehad het, kan jy vrystelling kry (en geld spaar). Baie universiteite beveel RTT vir alle studierigtings (ook wetenskaplike studierigtings) aan.
- Alle beroepe vereis rekenaarvaardigheid - en dit leer jy in RTT.
- Dit berei jou ook voor om in rekenaarstudierigtings te studeer.

WIE MOET RTT NEEM

- Almal! Selfs dié wat IT neem.
- Leerders wat in 'n loopbaan in grafiese ontwerp, bemerking, toerisme, PA, besigheid, rekeningkunde, wetenskap ens. belangstel.



- Leerders wat direk na skool moet gaan werk.
- Entrepreneurs.
- Leerders wat sukses op universiteit wil behaal.

VEREISTES VIR RTT

- Vaardigheidsontwikkeling vereis oefening. Die eksamens sluit vaardigheid EN kennis in. Sonder die nodige vaardigheid kan die eksamen nie betyds voltooi word nie.
- Huiswerk is noodsaaklik: Leerders wat nie rekenaars tuis het nie **MOET** na skool of gedurende pouse hulle huiswerk op die skool se stelsel doen.
- Bereidwilligheid om te werk en te leer. Teoriewerk is leerwerk!
- 'n "Flash drive" (memory stick) om huiswerk te kan vervoer.

RTT-vraestelle is op dieselfde vlak as Wiskunde en Wetenskap in terme van die vlak van die vrae, (lae- en hoër-denkorde-vrae).

d) INLIGTINGSTEGNOLOGIE (IT) *

WAT IS IT?

By uitstek is dit die vak wat jou leer DINK deur jou logiese vaardighede en abstrakte en laterale denke te ontwikkel.

Jy leer om bruikbare rekenaarprogramme te skryf om sodoende alledaagse probleme op te los.

LET WEL: *Alle leerders wat I.T. wil neem, sal 'n praktiese assesseringstaak voltooi. Keuring sal geskied op grond van hierdie uitslae.*

INLIGTINGSTEGNOLOGIE LEER JOU...

- Logiese denke en kreatiewe probleemoplossing.
- Basiese programmeringsvaardighede met die gebruik van Delphi en SQL
- Manipulering van Access deur gebruik te maak 'n programmeringstaal
- Om rekenaardata te verstaan en ook die impak wat rekenaartegnologie op die samelewing en op die omgewing het.



VEREISTES

- Gereelde oefening: abstrakte denke word ontwikkel en hoe meer jy oefen, hoe beter word jy.
- Toewyding aan jou eie ontwikkeling.
- Middagklasse een keer per week
- 'n Geheuestokkie ("flash drive") vir huiswerk en projekte
- Huiswerk is noodsaaklik: Leerders wat nie rekenaars tuis het nie MOET na skool of gedurende pouse hulle huiswerk op die skool se stelsel doen.

LOOPBANE

Inligtingstegnologie is noodsaaklik vir enige loopbaan wat vereis dat onafhanklik gedink kan word en probleme logies en kreatief opgelos kan word:

- Ingenieurswese , Medies, Rekenaarverwante beroepe, Onderwys
- Enigeen wat in die moderne samelewing wil werk

e) **LANDBOUWETENSKAPPE** *

WAT IS LANDBOUWETENSKAPPE?

Landbouwetenskappe is die wetenskap agter die produksie van landbouprodukte. Net soos Fisiese Wetenskappe is Landbouwetenskappe 'n uitdagende, maar baie stimulerende vak.

Landbouwetenskap is 'n studie van die verwantskap tussen grond, plante en diere in die produksie en prosessering van voedsel, vesel, brandstof en ander landboukommoditeite wat 'n ekonomiese, estetiese en kulturele waarde het. Die kurrikulum sluit 'n wye verskeidenheid onderwerpe in, insluitend grondkunde, plantestudies, dierestudies, landbou-ekonomie, basiese landbouchemie, basiese genetika, basiese biochemie, volhoubare natuurlike hulpbron-benutting en landbou-ekologie. In Landbouwetenskappe sal die leerder leer oor die bestuur en bewaring van die omgewing, natuurlike hulpbronne en die behandeling van diere deur die implementering van wetenskap en verwante tegnologieë.



AANBEVELING

Dit word sterk aanbeveel dat Landbouwetenskappe met Fisiese Wetenskappe en/of Lewenswetenskappe gekombineer word. 'n Leerder wat die Fisiese Wetenskappe-komponent van graad 9-Natuurwetenskappe gedruip het, word nie aangeraai om die vak te neem nie, aangesien die graad 11-kurrikulum 'n groot komponent chemie bevat.

BEROEPE

Landboukundige raadgewer, landboukundige dienste bv. grondontledings, watergehaltespesialis, gifstof- en bemestingstofbemarkers, patoloog, botanis, uitvoerbestuurder, voedselgehaltebestuurder vir kettingwinkels, marinebioloog, toksikologie, onderwys (daar is 'n groot tekort aan landbou-onderwysers, joernalis vir landboutydskrifte en -koerante, natuurlikehulpbron-bestuur en natuurbewaring, landbou-ekonoom, ekoloog, voedselinspekteur, parkbestuurder, kweekhuisbestuurder, arbeidsverhoudingspesialis, kwekerybestuur, wynmaker, wingerdkundige, bosbou, wetenskaplike, markontleder, akwakultuur, voerkraalbestuurder, mikrobioloog, rekenkundige in die landboubedryf, agribankwese, graanverspreiding, versekeringrisikobestuurder **EN DAAR IS NOG VELE MEER!**

Die vak kan gebruik word om in 'n landbourigting te studeer as die leerder nie Fisiese Wetenskappe as vak geneem het nie. (Bv. Univ. Stellenbosch)



f) **LANDBOUBESTUURSPRAKTYK**

Landboubestuurspraktyk is die studie en toepassing van produksie, ekonomiese en bestuurspraktyke wat gebruik en toegepas word in die verbouing en bemarking van voedsel en ander landbouprodukte.

Die hoofokus van die landbou-entrepreneur is die kombinasie van natuurlike, menslike en finansiële hulpbronne om welvaart en volhoubaarheid op so 'n manier te skep dat dit langtermyn-volhoubaarheid verseker. Die vak rus die leerder toe met praktiese en teoretiese kennis op 'n opvoedkundige wyse om hul voor te berei vir die toekoms en 'n beroep in Landbou.

Landboubestuurspraktyk ontleen kennis en vaardighede uit dissiplines soos gewaswetenskappe, dierewetenskappe, ekonomie en bestuurswetenskappe; ingenieurswese; en inligting- en kommunikasietegnologie.

Hierdie vak is ontwerp om leerder 'n deeglike praktyk-georiënteerde grondslag te gee wat teoretiese en praktiese vaardighede op so 'n manier integreer dat dit ook leerders met spesiale leerbehoefte insluit.

Die volgende onderwerpe word in Landbou Bestuurspraktyk behandel:

1. Gewasproduksie en -bestuur
2. Die bestuur van grond en water
3. Oes van gewasse en kwaliteitsbestuur
4. Dierereproduksie en -bestuur
5. Evaluering en bestuur van die plaas en boerdery
6. Waardetoevoeging, prosessering en produsent-organisasies
7. Agritoerisme, besigheidsbeplanning en entrepreneurskap

Die spesifieke produksielyne wat in die praktiese komponent geleer word, sluit in Avokado-, Makadamia-, Piesang- en Vleisbeesproduksie.



WAT KAN LEERDERS VERWAG VAN LANDBOU BESTUURSPRAKTYK

- 'n Positiewe ingesteldheid teenoor landbou is noodsaaklik
- Help met die bestuur van 'n boerdery en wees bewus van die dissipline wat vereis word vir 'n goed georganiseerde plaas.
- Identifisering en los probleme op deur blootstelling aan agribesigheid- en bestuursomgewing.
- Bewaring van die omgewing deur die bestuur van natuurlike hulpbronne en die aanvaarbare hantering van diere en plante.

TYDSVERDELING TUSSEN PRAKTIES EN TEORIE

Die onderrigtyd vir Landboubestuurpraktyk is vier uur per week. Kontaktyd word gelyk op verdeel tussen prakties en teorie. Twee ure word toegeken vir teoretiese werk (50% van die kontaktyd) en twee ure vir praktiese werk per week (50% van die kontaktyd). Prakties word op Maandae in die middag gedoen en dit is verpligtend vir almal.

VAARDIGHEDE WAT AANGELEER WORD IN LANBOUBESTUURSPRAKTYK

- *Bestuursvaardighede*
- *Entrepreneursvaardighede;*
- *Bedryfsvaardighede*
- *Bemarkingsvaardighede*
- *Navorsingsvaardighede*

LOOPBANE

Leerders word toegerus met die nodige kennis en vaardighede vir 'n professionele en/of entrepreneurskaploopbaan in boerdery, landboubesighede en alle verwante beroepe in die natuurlike hulpbronindustrie. Moontlike beroep sluit die volgende in:

- Boerdery
- Plaasbestuurder
- Landboukonsultant
- Voedselverspreider



- Agritoerisme
- Wildsplaasbestuurder
 - Finansiële adviseur vir die landbousektor
 - Kwekerye
 - Landskapontwikkelaar
 - Golfbaanbestuur
 - Navorser
 - Biotegnoloog

Landbou is ons trots!

g) LANDBOUTEGNOLOGIE

Merensky het in 2013 hierdie vak vir die eerste keer aangebied. Slegs 500 matrikulante landswyd het die vak in 2012 geskryf. Dit is 'n splinternuwe, interessante en opwindende kurrikulum. Dit is 'n kombinasie van moderne teorie en vakinhoud met 'n groot praktiese komponent.

INHOUD

Die vak fokus op tegnologie wat in die landbou sektor gebruik word – hoe om landbougrond te kultiveer en voedsel te produseer d.m.v. verskeie produksieprosesse:

- Beroepsveiligheid
- Materiaal – hout, staal, konkreet en draad
- Energie: ligte en hoog spanningskrag, sonenergie, verhitting en verkoeling, motors
- Konstruksieprosesse: sweis en soldering
- Gereedskap en toerusting: klein gereedskap, kraggereedskap, hidroliese sisteme en motors .
- Besproeiing en water voorsiening: besproeiingstelsels, water vir diere, dreinerings en watersuiwering.
- Kommunikasie: GPS, CIS, rekenaarstelsels
- Tekeninge: vry hand en skaal tekeninge



- Metings en kalibrasies: koste berekeninge, kalibrasie van toerusting.

BEROEPE

- Boerdery onderhoud en uitbreiding van infrastrukture
- Pakhuisbestuur en tegniese ondersteuning
- Verkoelingsbestuur
- Besproeiing - ontwerp, installering en onderhoud
- Vervoer en logistiek
- Meganisering van die landbou sektor gaan lui tot groter aanvraag aan tegnisi en drastiese veranderings en verbeterings in die toerusting en meganika wat in die landbousektor gebruik word.
- **Beurse reeds beskikbaar van maatskappye soos New Holland en Moolenaars.**

Hierdie vak berei leerders voor om entrepreneurs te word en eie besighede te kan begin. Ook kan die kennis en praktiese ondervinding dit toegepas word in alledaagse huishoudings. Hierdie vak sal beslis 'n aanwinst wees vir enige leerder.



h) **GEOGRAFIE** *

Geografie is die studie van die aarde en mense in interaksie met mekaar.

INTERESSANTE ONDERWERPE WAT BEHANDEL WORD:

- Geomorfologie (Studie van die aarde)
- Klimatologie (Studie van die atmosfeer)
- Demografie (Studie van die mens)
- GIS (Geografiese Inligtingstelsels)
- Ekonomiese geografie
- Kaartwerk

UITDAGINGS

Kaartwerk het 'n klein wiskunde komponent omdat berekeninge gedoen moet word.

Die teorie is hoofsaaklik leerwerk!

MOONTLIKE BEROEPE

Onderwyser, Stads- en streeksbeplanning, Siviele ingenieur, Omgewingskonsultant, Omgewingsbeampte (Departement van Omgewingsake en Toerisme), Nasionale Intelligensie, Landbouwetenskaplike Raadgewer (Dept van Landbou), GIS operateur, Vlieënier.

Jaarlikse graad 11-ekskursie na die Panoramaroete.



i) **REKENINGKUNDE** * (Vereiste: Wiskunde)

REKENINGKUNDE BESTAAN UIT

- **Finansiële rekeningkunde**
Finansiële rekeningkunde behels die volgende onderwerpe; BTW, rekonsiliasies, salarisse en lone, rekenkundige konsepte en praktykbeginsels; finansiële state van eenmansake, vennootskappe en maatskappye.
- **Bestuursrekeningkunde**
Bestuursrekeningkunde behels die volgende onderwerpe; vaste bates, voorraadbeheer en -waardasie, asook interne kontrolemaatreëls in 'n onderneming en etiese beginsels.
- **Hulpbronbestuur**
Hulpbronbestuur behels die konsep van begrotings asook kosterekeningkunde/vervaardiging.

EIENSKAPPE VAN 'N REKENINGKUNDE STUDENT

- Pligsgetrou en hardwerkend
- Bogemiddelde syfervaardigheid
- Toegewydheid
- Georganiseerd

MOONTLIKE BEROEPE

Rekenmeester/ouditeur, bankwese, finansiële bestuur, makelaar, interne ouditeur, statistikus, bemarker, finansiële adviseur, belastingkundige, forensiese rekenmeester en beleggingskonsultant.
Alle B. Com-grade

REDES WAAROM DIE VAK BELANGRIK IS

Dit help jou as individu om beter insig in jou eie begroting en die hantering van jou eie finansiële sake te hê. Dit gee ook 'n beter begrip van werksituasies om besluite van bestuur te verstaan.



REKENINGKUNDE ONTWIKKEL DIE VOLGENDE EIENSKAPPE

- ❖ Etiese gedrag
- ❖ Goeie oordeel
- ❖ Deeglikheid
- ❖ Ordelikheid
- ❖ Akkuraatheid
- ❖ Netheid

Voordele	Nadele
<p>Wye verskeidenheid loopbaanmoontlikhede. Rekenmeester is en sal altyd in aanvraag wees.</p>	<p>Jy behoort slegs Rekeningkunde te oorweeg indien jy 60% of meer vir rekeningkunde in graad 9 gekry het.</p>
<p>Goeie lewensvaardighede word aangeleer, spesifiek ten opsigte van goeie bestuur van finansies en tydsbenutting.</p>	<p>Huiswerk op 'n daaglikse basis. Rekeningkunde is nie vir jou bedoel as jy nie ongelooflik hardwerkend is nie.</p>
<p>Baie goeie kombinasie met IT.</p> <p>'n Kombinasie van IT en Rekeningkunde maak 'n groot verskeidenheid beroepskeuses moontlik.</p>	<p>Jy moet teen tyd kan werk.</p>



j) **BESIGHEIDSTUDIES** *

ONDERWERPE WAT BEHANDEL WORD

- Sake-omgewings en sakebedrywighede
- Sosio-ekonomiese kwessies
- Hedendaagse Arbeidswetgewing
- Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid
- Entrepreneuriese eienskappe
- Ondernemingsvorme
- Kreatiewe denke en sakegeleenthede
- Menslikehulpbron-bestuur
- Ligging en kontrakte van sakeondernemings
- Aanbieding van sake-inligting
- Selfbestuur en spanprestasies

VAARDIGHEDE VAN 'N BESIGHEIDSTUDIES-LEERDER

- Intrepretasie- en toepassingsvaardighede
- Memoriseringsvaardighede

Besigheidstudies fokus hoofsaaklik op die memorisering van feite, so dit moet een van jou sterkpunte wees sou jy die vak kies.

WAAROM IS BESIGHEIDSTUDIES 'N GOEIE KEUSE?

Dit maak nie saak of jy eendag jou eie besigheid wil begin en of jy vir iemand anders gaan werk nie, Besigheidstudies voorsien jou van genoeg inligting en kennis om beide te kan doen. Al kwalifiseer jy jouself as 'n skoonheidsterapeut of 'n ingenieur - jy sal tog eendag jou eie besigheid wil bestuur.



MOONTLIKE BEROEPE

Ondernemingsbestuur, bemarking, menslikehulpbron-bestuur, openbare betrekkinge, entrepreneurskapsopsies, besigheidsontleder, versekeringsmakelaar, advertensiewese, besigheidskonsultant, korporatiewe kommunikasiebestuurder.

Kies Besigheidstudies om jou van alles omtrent die sakewêreld te leer!

VOORDELE

- Vakinhoud is maklik verstaanbaar,
- As jy maklik feite kan memoriseer, is dit die ideale vak om jou punte te verhoog.

NADELE

- Vakinhoud se werkslading is baie hoog,
- Baie feite om te leer en te memoriseer.

k) **EKONOMIE** *

ONDERWERPE WAT BEHANDEL WORD

Makro-ekonomie

- Ekonomiese kringloop
- Sakesiklus

Mikro-ekonomie

- Vraag- en aanbodgrafieke
- Wins- en verliesgrafieke

Ekonomiese kwessies

- Armoede
- Werkloosheid
- Ekonomiese groei en ontwikkeling

Hedendaagse ekonomiese kwessies

- Omgewingsagteruitgang
- Inflasie



VAARDIGHEDE VAN 'N EKONOMIE-LEERDER

- Redenasievermoë – datahantering
- Memoriseringsvaardigheid
- Goeie syfervaardigheid
- Goeie wêreldkennis
- Grafiekontleding
- Lewendige belangstelling in finansiële ontleding

MOONTLIKE BEROEPE

Bankwese, finansiering, regeringsadministrasie, rekeningkundige beroepe, verbruikersontleding, ekonoom en analis, landbou ekonoom, makro-ekonomiese navorser, marknavorser.

I) **TOERISME**

WAAROM TOERISME AS 'N VAK OORWEEG?

Die reis- en toerisme-bedryf is een van die wêreld se grootste werkgewers en bied baie opwindende beroepe met nimmereindigende avonture en aktiwiteite.

Alhoewel 'n erkende kwalifikasie jou beslis sal help om werk in die reis- en toerisme-bedryf te kry, kyk werkgewers ook vir kwaliteite soos 'n liefde vir reis, entoesiasme, vriendelikheid, 'n uitgaande persoonlikheid, 'n goeie voorkoms, interkulturele vaardighede en 'n gawe vir bemerking, skakelwese en openbare optrede. Die vermoë om ander tale te kan praat is 'n geweldige voordeel in hierdie bedryf.

Die vak Toerisme is die studie van die aktiwiteite, dienste en bedrywe wat 'n reiservaring aan groepe of enkelinge verskaf. Dit sluit in die gedrag van toeriste en redes vir hulle reis, die ondernemings wat toeriste bedien en die ekonomiese, sosiale en omgewingsimpak van toerisme



SOORTE TOERISME EN TOERISMEPROFIELE

Sake, Avontuur, Ontspanning, Mediese of Gesondheidstoeriste, Opvoedkundige toerisme, Sport- en ontspanning, Aansporingstoeriste, Inkopies, Kultureel, Godsdienstig, SIT (spesiale belangstellings) Ekotoeriste, Rugsak of “Gap”jaar.

BEVREDIGENDE ASPEKTE

- Ontmoet nuwe mense
- Jou beroep dra by tot die land se buitelandse valuta-reserwes
- Geleentheid om te reis.

VEELEISENDE ASPEKTE

- Werk met moeilike, onaangename en veeleisende mense
- Werk onder druk
- Werk lang en onreëlmatige ure gedurende in-seisoen-periodes

VEREISTES VAN DIE BEROEP

- Werk met verskillende soorte mense
- Goeie kommunikasie- en organisatoriese vaardighede
- Uitstekende kennis van Suid-Afrika se plekke van belang, geografie, unieke geskiedenis, politiek, fauna en flora.
- Moet groepe mense en onverwagte situasies kan hanteer.



STUDIERIGTINGS IN TOERISMEBEDRYF

Wat?

BSc Toerismebestuur, BCom Toerismebestuur,
Nasionale Diploma Toerismebestuur of Reis en toerisme

Waar?

NWU, NMMU, UNISA, DUT, CPUT, CUT, UJ, TUT en VUT.

Wat?

Sertifikaat in Toerisme

Waar?

FET kolleges

BEROEPE

- Toerismebeplanner/-konsultant
- Reisagent
- Lugwaardin
- B&B eienaar
- Restaurateur
- Reisjoernalis
- Entrepeneur

Die waarde van die vak lê daarin dat dit jou algemene kennis verbreed en dat dit jou voorberei om in enige geselskap sinvol te kan kommunikeer. Dit is beslis 'n aanbeveling vir diegene wat in 'n beroep gaan staan waar daar met mense gewerk word.



ONTHOU

Die leerders moet vanaf graad 10 tot graad 12 'n praktiese assesseringstaak inhandig wat op sy eie vir die einde van die jaar 25% tel. Dit is verpligtend en tot die kind se voordeel. Dit bestaan uit twee fases. Dit moet in die derde kwartaal ingehandig word. Daar is ook een projek en een toets in kwartaal 1.

In die tweede kwartaal word 'n toets en die Junie-eksamen geskryf. In die derde kwartaal word daar twee toetse geskryf. Ons reël toere wat opvoedkundig is.

m) **GASVRYHEIDSTUDIES**

Gasvryheidstudies is 'n vak wat nie net akademiese waarde het nie, maar aan leerders die geleentheid bied om waardevolle lewensvaardighede aan te leer.

In die teorieklas leer ons van al die fasette van die restaurant, kombuis asook bestuur in hotelle. Ons bestudeer hoofstukke oor higiëne, noodhulp, voedselvoorbereiding, restaurantorganisasie en vele meer. Gasvryheidstudies is 'n leervak en het baie teorie wat die leerders elke kwartaal moet leer.

Wat die vak so 'n gewilde en leersame vak maak is die praktiese komponent daarvan. Elke siklus word 'n praktiese klas gedoen waarin ons voedsel voorberei wat aansluit by die vaardighede wat ons in die teorieklas bespreek het.

Leerders doen ook funksies waar hulle die geleentheid kry om voedsel voor te berei en hul ouers as gaste te nooi. Drie- tot vyfgangspyskaarte word op sulke geleenthede voorberei. **Ons is ook betrokke by funksies buite die skool waar "caterers" gebruik maak van ons leerders om te help met die bereiding en bediening van voedsel vir bv. troues en konferensies.** Leerders kan op kort kennisgewing gevra word om by skoolfunksies te help. Hierdie funksies mag oor naweke of na-uurs plaasvind. It is verpligtend vir leerders om by addisionele skoolfunksies betrokke te wees.



Vir Graad 11 en 12 is restaurantaande verpligtend. Leerders begin om 15h00 met voorbereiding in die kombuis, en almal word eers aan die einde van die funksie verskoon. Dit is gewoonlik tussen 21h00 en 21h30. **GEEN leerder word verskoon van 'n restaurantaand nie.**

Dragkode: Elke leerder moet 'n uniform (voorskoot, baadjie en 'n hoed) koop. Die bedrag is R350 tot R400 en dit kan direk bestel en gekoop word van Pienaar Bros. in Tzaneen. Wanneer die leerder as 'n kelner werk, moet 'n wit knopieshemp en 'n lang swart broek dra. Meisies wat rompies dra, moet swart sykouse dra.

As 'n leerder Gasvryheid in sy toekomsplanne insluit en daarvan 'n moontlike beroep wil maak, kan hy kyk na loopbane soos: professionele sjef, restaurantbestuur, voedsel- en drankbestuur, funksiekoördineerder, om maar net 'n paar te noem.

Vir die leerder wat kies om dit nie in sy verdere studies in te sluit nie, is daar steeds ongelooflik baie lewensvaardighede wat aangeleer word.

“Kosmaak is deel van ons daaglikse bestaan”

Leerders leer vaardighede soos tafeldek, etiket, voedselvoorbereiding en kelnerdiens aan. Dit is 'n vak wat aan enige leerder geleenthede bied om ekstra geld te verdien, hetsy as entrepreneur of om as kelner te werk.



n) **INGENIEURSGRAFIKA EN ONTWERP (IGO) ***

DIE SPESIFIEKE DOELWITTE VAN IGO IS OM DIE VOLGENDE TE LEER

- Grafiese tekeninge as die primêre wyse waarop daar in die tegnologiese wêreld gekommunikeer word.
- Spesifieke basiese konsepte en begrippe binne die verwysingsraamwerk van meganiese tegnologie, siviele tegnologie en ook elektriese tegnologie.
- Verskeie tekentegniese en vaardighede deur gebruik te maak van instrument en ook vryhandtekeninge.
- Die oplos van tegnologiese probleme deur middel van grafiese tekeninge.
- Die toepassing van die grafiese ontwerpproses.
- Die implementering van CAD (@computer aided drawings/design@) as manier van teken.

LOOPBANE

IGO rus 'n leerder toe met die basiese kennis en tekenvaardighede wat deur die volgende beroepe vereis word:

- Argitektuur, Landskapargitek
- Die meeste ingenieursrigtings (bv. siviël, meganies, lugvaart, maritiem, landbou, myn ens.)
- Mediese tegnoloog
- Industriële ontwerper, Binneshuise ontwerper
- Bourekenaar, Boubestuur, Stadsbeplanning
- Onderwyser
- Grafiese illustreerder
- Juweelontwerper, die meeste vervaardigers en kunstenaars
- Modelbouer (skaalmodelle)
- Tekenaar (bv. staalstrukture, argitektuur, siviël, ontwerp, elektries, ens.)
- Tegnici
- CAD-sisteemoperateurs



DIE VOORDEEL VAN IGO IN DIE ALGEMEEN VIR DIE LEERDER WAT DIE VAK NEEM

IGO is 'n vak waar elkeen 'n gevoel van selftevredenheid en sukses ervaar. Hulle sal leer om tekeninge in die algemeen te verstaan en dit ontwikkel ook elkeen se 3D-insig.

VEREISTES VIR DIE VAK

Dit word aanbeveel dat leerders wat die vak neem, ook Wiskunde sal neem.

Minimum vereiste: 60% roupunt in graad 9 Junie- en November-eksamens vir tekeninge.